

Maandag 25 Desember (Christusfees)

Skrifgedeelte: Filippense 2:5-11

Fokusgedeelte: Filippense 2:6-8

Wees soos Jesus!

Jesus het mens geword. Op watter datum weet niemand. Tog word dit wêreldwyd op 25 Desember gedenk. Onthou vandag egter nie net Jesus se menswording nie. Nee, luister hier: *“Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.”* Die gesindheid wat uitstaan, is sy nederigheid. Twee maal lees ons: *“Hy het Homself verneder ...”*

Hy het Homself verneder deur mens te word. Maar ook deur die kruisdood. Net as mens kon Hy Verlosser wees. Van die gestalte van God afstand gedoen en die gestalte van ’n slaaf aangeneem. Hy het nie aan sy Godgelyke bestaan vasgeklem nie. Vrywillig het Hy prysgegee. Dit het groot vernedering gekos!

Volg Jesus daarin na. Ons klou soms so krampagtig aan ons status. ’n Fariseërsgeindheid is partykeer meer sigbaar. Ons is trots op ons goeie dade in die kerk, maar dan dikwels daardie waar ons hande nie vuil en ons status nie benadeel word nie! Mense wil ook graag erken word vir hulle posisie in die samelewing. Eerder in ’n kantoor werk as die skoonmaker van openbare toilette.

Om soos Jesus te wees, beteken egter: Klim van jou troontjie af en dien soos ’n slaaf – al doen jy ’n belangrike werk in die kerk of samelewing.

Hy verwag egter nog meer. Dat ons, soos Hy, ons kruis sal opneem. Dit het Jesus se gehoorsaamheid gevra. So ook van ons. Sterf in jouself, leef in Hom! Opregte Christelike liefde vra opoffering van jou eie wil en voorkeure. Stel ander se belange eerste.

Sing: Skrifberyming 15-1 (2003)

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)